KWARTAALBRIEF
TERM LETTER

1

SLEUTEL TOT SUKSES
KEY TO SUCCESS

Geagte Ouers/Dear Parents

So kom die vinnige eerste kwartaal ook tot ‘n einde en dit is met dankbaarheid dat ons kan terugkyk op al die aktiwiteite waaraan die skool en die Evertjies blootgestel is. Dankie aan elke ouer, opvoeder en Ever wat met soveel toewyding en entoesiasme hul deeltjie bygedra het!

I would like to reflect on a few activities (events) which took place of which our school is able to write many success stories. There were many successes and you can read all about them in the letter which follows.

FUND RAISING ACTIVITIES

We cannot host all the activities without the loyal support of our parent community. Here, I would like to emphasize the positive role of our class representatives, in conjunction with the Fundraising Committees, who work hard to involve our parents in the activities hosted.

Vanjaar se Voedselfees het weer eens bewys dat ouers ‘n behoefte aan saamkuier en ontspan het. Voeg daarby die ‘meesterlike’ vertoning van al die dansers, die verbeterde kosstalletjies en ongelooflike weer wat ervaar is en die resultaat was verstommend!

A sincere thank you to Natalie Bierman (organizer) and Aneske Jacobs, who arranged and hosted an event in which the entire Eversdal community was involved.

Om sommer net seker te raak ons gemeenskap raak nie moeg van al die aktiwiteite nie, is daar twee dae later die geborgde Chas Everitt 5 km Pretdraf rondom die skool en in die Trimmpark gehou.

Once again, our parents did not disappoint us. On a lovely, cool Saturday morning, we were delighted at the excellent support. Over 570 participants enjoyed the outing! Not even the drizzle managed to dampen the spirits!

A few grannies and grandfathers, dogs and pre-primary learners took part. On completion, a fizzer was a welcome gift!

SPORT AND CULTURE

At Eversdal, we strive to follow a balanced programme entailing sport and culture, not promoting the one above the other. Our learners had a full summer sport programme. During the short school vacation, our u.13 hockey and rugby teams will be on tour to both Knysna and Bloemfontein.

Ons atlete, tennis- en krieketspelers, sowel as die skaakspanne, het ook ‘n vol program agter die blad. Voeg hierby ook al ons swemmers en landloopatlete en u sal saamstem dat ons leerders se programme vol is.

2018 WCED SYSTEMIC RESULTS

On Saturday, 9 March, the school was represented at an Awards Ceremony hosted by Metro North Education District, where the school received recognition, based on the results achieved in the Systemic Tests of 2018. We are thankful that our staff caters for the needs of all our learners.

Weer eens is ons dankbaar om te kan berig dat Laerskool Eversdal een van die Top 10 skole binne Distrik-Noord was. Baie dankie ook aan almal wat help bou aan die handhawing van akademiese standaarde. Ons is bevoorreg om ook ‘n Beheerliggaam te hê wat balans in gedagte hou wanneer personeel aangestel word.

TEN SLOTTE

Ons skool doen so baie dinge en ons is besig met so baie goed. Ons is betrokke by soveel aktiwiteite en aksies en elkeen hiervan het hul eie eise – hetsy dit deelname, betrokkenheid, groei, uitvoerbaarheid – en helaas ook die onderliggende eise van sukses insluit.

Regardless of which action, the challenge is inevitably the challenge to be successful. The one prerequisite for being successful, is the fact that all participants and role players need to accept responsibility. Responsibility is indeed a virtue of accepting and demonstrating and is also linked to accountability.

Dankie aan elke Ever, opvoeder en ouer wat in Kwartaal 1 verantwoordelikheid aanvaar het vir ons kinders, ons afrigters wat verantwoordelikheid aanvaar het vir hul spanne en opvoeders wat verantwoordelikheid aanvaar het vir onderrig in hul klasse. Voeg daarby ons leiers wat verantwoordelikheid vir besluite aanvaar het, asook die uitvoering daarvan en dit maak dat ons met trots kan terugkyk op ‘n suksesvolle kwartaal.

The list clearly includes a Governing Body who accepts the responsibility of governance; parent committees responding to a call to take action whenever called upon; and finally Evers, accepting the various challenges with responsibility.

Doen so voort – u versterk ons in die opvoedingsproses!

We wish all our Evers, parents, educators and support staff a restful holiday. If you travel, travel safely!

Regards
LOUISE RHEEDER
DEPUTY HEAD: MANAGEMENT
15 March 2019

#HomeSweetHome

CARLOU BRAND
082 338 5490
carlou.brand@everitt.co.za

LIKE ME ON FACEBOOK Carlou Brand - Chas Everitt

Leading REAL ESTATE COMPANIES OF THE WORLD | CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

IMPORTANT DATES:
BELANGRIKE DATUMS:

02 Apr. Skole heropen
Didaktiese klasse begin.
Sport begin (Volg Maandag Sportrooster).

03 Apr. Kwikspar u/13A Rugby Tournament

04 Apr. Kwikspar o/11B & o/13B Rugbytoernooi

05 Apr. Sport day vs Van Riebeeck Strand: Hockey (HOME)
Netball: u/12A & u/13A at Bellville High School

06 Apr. Sportdag vs Van Riebeeckstrand: Rugby & Netbal (TUIS)
Juniorkooroefening: 11:00 – 13:00

10 Apr. Internal Rugby, Hockey and Netball matches
u/7 – u/9

CURRICULUM / KURRIKULUM

GRONDSLAGFASE / FOUNDATION PHASE

Graad 1

With lots of excitement and uncertainty, the Grade 1s started their first formal school year. Although they are well-prepared for this, it remains a great adaption for both parent and child. As with each new year, these little Evers surprised us with how fast they learned about their new school and all its activities.

Die Gr. 1's het reeds begin om te lees. Hulle gebruik ook hul klankekennis om enige vreemde woordjies te ontrafel. Wat 'n fees is dit nie om 'n boekie vas te hou en dit self te kan lees nie. Hulle is baie trots op hierdie vaardigheid en kon selfs boeke by die biblioteek gaan uitneem. Ons leer nie net van ons huistaal nie, maar kan ook nou al 'n paar woorde Xhosa praat. Hier het ons geleer om ander te groet, om ons liggaamsdele te benoem en om opdragte uit te voer. Ons kan nou dans, draai en spring in Xhosa.

In Maths, we learnt a lot of new concepts through experience and discovery. We can recognise numbers, manipulate them and use them to solve calculations and word problems.

The learners also enjoy going to the Art class to develop their creative side. They are exposed to a variety of media. Here they are encouraged to draw, paint and create. This term, they made a portrait of their friend. They also enjoyed expressing themselves during Music and Drama classes.

Tydens Lewensvaardigheid leer ons om saam te werk en tydens groepwerk word verskeie sosiale vaardighede aangespreek. Ons het in groepies figure uit boksies gebou en ook op die iPads gewerk. Die vaardigheidsprogram stel hulle bloot aan 'n verskeidenheid sport. Die swem op die warm somersdae was veral 'n hoogtepunt. Alhoewel dit groot pret is, word al hul klein- en grootspiere ook so ontwikkel en sorg dit vir gesonde, gebalanseerde Evers.

The Grade 1s are well on their way to becoming independent Evers and are learning and developing at a speed. We can't believe how much we have accomplished in the first term. This was truly a very productive term.

Graad 2

Hierdie was `n besige kwartaal vir die Gr. 2`s! Die Evers het aan `n groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite deelgeneem en steeds hul huiswerk elke dag getrou gedoen.

They enjoyed the new Skills Programme which includes swimming, ball skills, cricket and athletics. They had the opportunity to extend their Xhosa vocabulary, as well as drama and music skills. I-explore is one of their favourite lessons which gives them the opportunity to think and be more creative. The new Art teacher, Mr Mostert, is a firm favourite amongst the learners.

Die Gr. 2`s het hard geoefen aan hul dansies vir die Voedselfees. Die komende vakansie is nodig! Volgende kwartaal gaan ons fokus op die aanleer van nuwe Wiskunde-metodes. Ons sien ook uit om meer oor die seisoene en van diere te leer in Lewensvaardigheid.

Graad 3

The old saying, "time flies when you are having fun", is applicable to this term. The Grade 3s started this year full of enthusiasm. It was a busy term and before we knew it, it was time for assessments and reports.

Die kwartaal het ons Evertjies baie geleer van seediere. Elke Ever moes navorsing doen oor 'n ander seedier. Gou het ons sommer baie feite ingewin oor al die verskillende seediere. Die jellievis en dolfyn was voorwaar almal se gunsteling, met die haai kort op hul hakke.

Our learners also had the opportunity to share their family photos with their peers and did an

Oral about their family. They enjoyed sharing their love for their family with their friends. The Grade 3s also had to design and make a frame for the family portrait, during our Technology sessions They all delivered creative and unique frames, to be proud of.

We also read a lot during the term and are busy practising our reading with intonation. All the Grade 3 Evers look forward to Library time and enjoy the relaxation, while reading a good book.

Die hoogtepunt vir almal sover was die Voedselfees. Ons was Suid-Afrika en elke leerder het trots ons land verteenwoordig met hul dansies en liedjies. Dit was lekker om al die glimlagte van ons Mammas en Pappas te sien. Selfs Ouma en Oupa het hard hande geklap. Die kwartaal was beslis 'n groot fees vir almal!

INTERSENFASE / INTERSEN PHASE

Graad 4

Die eerste kwartaal in die Intermediêre Fase was vir ons Gr.4-leerders 'n nuwe reis. Hulle hanteer hulle tablette met gemak en geniet al die nuwe vakke.

Die danspassies tydens die Voedselfees het almal se verwagtinge oortref. Die G. 4's het elke Woensdag die laboratorium besoek en daar het hulle boontjies geplant en gesien hoe dit groei. Hulle het ook gesien hoe gis lewend kan word en nou wil almal wetenskaplikes word!

The learners enjoyed searching for artefacts and getting information about one another. Some of the artefacts dated back to Granny and Grandpa's days. While reflecting on the past, the Grade 4 classes were being upgraded to accommodate the modern approach of using technology in the classroom.

Graad 5

Die Gr. 5-klasse het vir die NWT projek skelette gebou en wat 'n uistekende geleentheid was dit nie vir hulle nie! Die leerders het die taak met entoesiasme voltooi en ongelooflike goeie take ingehandig. As 'n graadgroep kan hulle voorwaar trots wees op hulle goeie werk.

Gedurende die kwartaal is die Gr. 5-klas met nog 'n uitdaging gekonfronteer. Die Voedselfees was voorwaardelik nog 'n groot sukses en elke leerder het dit ten volle geniet. Die leerders was slaggereed met hulle kleurvolle pakkies en lekker lewendige musiek om hulle ouers te vermaak.

The SOS Camp was the ideal oppurtunity for the learners to learn a variety of skills and learn about the environment. Each day was packed with fun-filled activities, which enriched our learners.

Die Gr. 5-groep kan na die goeie kwartaal trots wees op hulself!

Graad 6

Persoonlike- en sosiale welstand:

Vroeg in die kwartaal is daar grootoog geluister na wat die verskil tussen liggaamsbeeld en selfbeeld is. Die lekkerste was egter om die vraelys oor elkeen se vermoëns, belangstellings en potensiaal te kon voltooi. Sommige leerders het ontdek dat die vraelys se uitslae baie akkuraat was en besef dat dít 'n aspek in elkeen se lewe is wat bitter belangrik vir jou toekoms is.

Scholar Patrol:

The scholar patrol consists of Grade 6 learners who diligently perform their duties every day. They see to it that learners and parents are able to cross the road safely. Early morning, even when it is dark, you can see the reflective jackets and hear the whistles blow. Come rain or shine, they are always on duty. We trust them to keep us safe while we cross the road at the pedestrian cossings.

Natuurwetenskap:

Groot was die opgewondenheid om ons eksperimente te kon uitvoer! Elke groep was hierdie kwartaal werklik bevoorreg om deel te kon wees van die eksperimente. Elke groep het eers heerlik geraai wat met elke kossoort sou gebeur wanneer die jodiumtoets gedoen word om te toets of die voedselsoorte stysel bevat of nie.

Graad 7

Die Gr. 7's het gou agtergekom dat die werk vanjaar heelwat meer en moeiliker is. Boonop het hulle nog baie talente wat op sport- en kultuurgebied uitgeoefen moet word. Hulle moes dus leer om hul tyd goed te bestuur en deurlopend te leer en te werk aan take.

In Life Orientation, they made beautiful posters indicating their interests, abilities and potential. They also learned how to accept themselves

and others. One of the most important lessons was on how to improve their own, as well as other people's self-image.

In Natuurwetenskap het hulle slakke bestudeer en blomme gedissekteer. Hulle het ook hul nuwe vaardighede toegepas en die foto's wat hulle met hul iPads van die blomme en slakke geneem het, op OneNote geplaas. So het almal saamgespan om inhoud te skep en hulle kennis en waarnemings met mekaar te deel.

OPERASIONELE BESTUUR/ OPERATIONAL MANAGEMENT

The short December vacation, with the schools reopening earlier in January, resulted in a few changes to the daily running of the various programmes the school has to offer. Everything happened at least one or two weeks earlier and by the end of January we were almost halfway through the term.

Die uitgebreide bestuursgroep, bekend as MANCO ("Management Committee"), vergader op 'n gereelde basis. Aan die hoof van elke bestuurskomponent is daar bekwame personeel wat verseker dat die skool funksioneel en doeltreffend bestuur word.

The Exco (Executive Committee) of the school meets every Monday morning to reflect on the previous week, review the new week and also think strategically about the school and the way forward.

Die bouproujek is steeds 'n enigma. Ons as skool wag nog om te verneem wanneer hierdie projek gaan afskop. U sal besef dat dit veroorsaak dat baie aksies in die lug hang, afhangende van die vordering van die bouery. Ons probeer alles na die beste van ons vermoë bestuur en sal u op hoogte hou oor die vordering.

CULTURE / KULTUUR

Ons Evers woeker fluks op die kultuurfront!

ATKV-REDENAARS

Laerskool Eversdal het vanjaar 16 sprekers in die ATKV Redenaarskompetisie ingeskryf. Die eerste rondte vind in die tweede kwartaal plaas.

EISTEDDFOD

More than 400 Eisteddfod entries are in and we are looking forward to preparing the learners for the adjudication, in August.

EVERDRAMA

Die Everdrama, onder leiding van Mev. Hettie Spangenberg en Mnr. Anton Nortier, sal eersdaags begin om 'n rolverdeling vir vanjaar se produksie saam te stel.

EVERJAM

Eversdal is a singing school! On Monday mornings, all our Evers enjoy 40 minutes of music, singing their favourite songs in both English and Afrikaans – old and new. The video at the end of Everjam is always a big hit – this ranges from snippets from musicals to talent shows.

KOOR

Die Juniorkoor bestaan hierdie jaar uit 67 Gr 1- tot 3-leerders. Die klein Evertjies is baie pligsgetrou en werk baie hard om hul doel te bereik. Ons sien uit na nog 'n opwindende jaar van optredes en lekker sing!

Die Seniorkoor bestaan hierdie jaar uit 99 lede. Hulle het reeds die tweede naweek van die kwartaal 'n oefenkamp gehad om al die nuwe musiek aan te leer. Ons beplan om weereens hierdie jaar aan verskeie kompetisies en konserte deel te neem en is hard aan die oefen vir die eerste optrede wat vroeg in Mei sal plaasvind. Die Seniorkoor is hartseer om hulle dirigent, Juffrou Madri Gerber, te groet aan die einde van die kwartaal, maar is opgewonde oor die nuwe hoofstuk wat voorlê.

BYBELVASVRA

Eversdal se vyf spanne is reeds hard aan die voorberei vir die eerste rondte in Mei. Verlede jaar se Juniorspan het die jonger Evers aan die brand gesteek en daar is nou drie spanne vir die juniors ingeskryf. Ons het ook twee Seniorspanne wat gaan deelneem. Dit kos harde werk en toewyding van elke leerder, om saam met hul skoolwerk hierdie taak suksesvol af te handel. Dankie ook aan die ouers wat behulpsaam is met die voorbereiding deur toetse op te stel. Sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie.

KUNS

Grondslagfase:

Ons het hierdie kwartaal in die Kunsklas lekker gewerk en mooi kunswerke produseer. In die Grondslagfase is daar verskeie tegnieke gebruik en verskeie kunswerke gemaak. Graad1-leerders het `n portretstudie gedoen en geleer van primêre- en sekondêre kleure en hoe om `n sirkelpatroon te maak. Ons het geleer hoe om oliepastelle en verf te meng en gebruik.

In Grade 2, movement was studied, specifically how our body moves during different activities. Our artwork was compiled by drawing ourselves jumping up in the air. We learned how to mix interesting colours, including our primary and secondary colours and how to shade with oil pastels. To complete our artwork, we designed our own interesting line pattern for the background of our artwork.

In Gr. 3 was ons fokus die kwartaal op houers en die verskillende gebruike daarvan. Ons het geleer oor glas-, plastiek- en keramiekhouers. Die hooffokus was keramiekhouers en hoe dit vervaardig word. Ons het uit klei `n 3D-kleipot gemaak. Ons tweede kunswerk was `n 2D-kunsprent van potte en ons het geleer hoe om met verf `n plat voorwerp driedimensioneel te laat lyk deur skakerings te gebruik.

Ifsen:
In Dance, Drama and Music the Grade 4 learners are hard at work at their body percussion routines. These routines will only be assessed in the second term.

In Grade 4, we were introduced to the elements of Art. We looked at why the elements of Art are so important when creating a work of art. For our main project of this term, we made a painting of "My Parent and I am going down a waterslide". The focus of the project was to work with different mediums as well as how to enlarge a drawing of the human figure.

In die eerste kwartaal het die Gr. 5's 'n saamgestelde skets gedoen (Visuele Kuns), waarin sport en die deelname daaraan uitgebeeld word. Hierdie kunswerk is met pastel, skeur-en-plak, asook Aquarell-kryt gedoen. Dit is redelik moeilik om die verhouding tussen arms, bene en lyf reg te teken, maar die korrelering met die bou van 'n skelet in Natuurwetenskap het hierdie konsep grootliks vergemaklik.

The Gr 6 learners studied how to draw animals in the wild. Thereafter, they worked on a monochromatic picture titled "Animals in art." Our learners are very talented, though they still do not believe it. Once the bug bites, they produce extra-ordinary works of art!

Die Gr. 7's het die jaar afgeskop met `n in diepte studie oor die elemente van kuns en hoekom dit belangrik is. Die leerders het `n 2D-stillewe skets gemaak van skoene. Hulle het geleer hoe om `n tekening te vergroot en hoe om met verskeie potlode te skakeer. Na die 2D-kunswerk het ons gefokus op 3D-beeldhouwerk en die leerders het `n beeld uit klei gebou van `n musikant wat `n instrument speel. Hierdie 3D-kunswerk is geassesseer.

MUSIC DEPARTEMENT
Our Music pupils are on track, with everyone following their own programme. We are already proud of their achievements and appreciate their co-operation and dedication.

PERCUSSION BAND / MARIMBA BAND
Die Gr. 2- en 3-slagorkesgroepe leer tans hoe om saam te speel, saam te werk en te luister.

We welcomed four new learners to our Marimba bands, this year. With only one practise per week, hard work and perseverance is the key to their success. They had their first performance at the Food Festival. We look forward to all that 2019 holds!

LEERDERSAKE / LEARNER MATTERS

MENSLIKE HULPBRONNE / HUMAN RESOURCES
We wish to thank the Eversdal Staff for all their hard work, commitment and invaluable contributions during the first term.

Ons nuwe personeel het gedurende die Personeelkonferensie in Januarie getoon dat hulle sommer baie talentvol is. Tot groot vermaak van die res van die personeel, het hulle hulself as volwaardige Evers tydens die verhoogproduksie bewys.

It was also during the first term that the wedding bells rang for Miss Hansen and her fiancé. Once again, congratulations to Mr and Mrs Manning.

Mej. Madri Gerber verlaat ons aan die einde van die kwartaal. Juffrou Gerber het ‘n betrekking by Hoërmeisieskool La Rochelle aanvaar. Ons beste wense vergesel haar.

Mev. Nerina Theunissen het ook haar bedanking ingedien en sal tot aan die einde van Junie werksaam wees, waarna sy meer tyd saam met haar gesin gaan spandeer. Ons wens haar goeie gesondheid toe.

Mev. Amelia de Wet in Graad 3, asook Mev. Maryke Fritz in die Administrastiewe kantoor gaan aan die einde van die kwartaal met bevallingsverlof. Ons wens vir hulle en hul gesinne sterkte toe en sien uit daarna om die nuwe Evertjies te ontmoet. Mej. Joline Gunter sal die leisels in die Graad 3-klas oorneem.

Mr Victor Fernandes is getting married in the holidays. Good luck, Sir!

To all staff, we hope you enjoy a wonderful time of rest with your loved ones, during the holiday. Please be safe on the roads.

BEMARKING/MARKETING

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

Die Everaksie het hierdie kwartaal weer eens ‘n baie genotvolle Everkamp naby Montague aangebied. Die Everouers het dit baie geniet en daar was lekker vermaak vir oud en jonk.

Die Voedselfees wat op Donderdag, 28 Februarie plaasgevind het, was weereens `n groot sukses. Chas Everitt Pretdraf was nog ‘n fondsinsamelingsprojek wat hierdie kwartaal plaasgevind het.

LOYALTY CARDS

Our parents are utilising the loyalty cards (Makro, My School and Spectra), but we encourage you to use them more actively.

LIEFDADIGHEID

Die Evers het hierdie kwartaal op Valentynsdag skryfbehoeftes ingesamel. Hierdie nuwe skryfbehoeftes is geskenk aan Karringmelk Primêr, net buite Moorreesburg.

BORGE

Eversdal is vanjaar weer baie bevoorreg om Standard Bank as hoofborg vir ons sportkodes te hê. Ons is ook baie opgewonde om die bord op te rig op die A-veld wat deur Standard Bank geborg word. Tot op hede het Chas Everitt (Charl Louw en Carlou Brand) en Stellenberg Kwikspar (Oosie en Penny Oosthuizen) weer hulle borgskappe as platinum borge hernu. Butler’s Pizza is weer aan boord as `n silwer borg.

Sonder die borge en donateurs sal dit nie moontlik wees om die leerders so mooi uit te rus nie. Die betrokkenheid van borge by die sporttoere en die opgradeer van ons skool se fasiliteite is merkwaardig. Eversdal dank u.

FINANSIES/FINANCES

Effektiewe finansiële bestuur is uiters noodsaaklik om die doelwitte van die skool te bereik en ‘n veilige omgewing te skep waarin elke Ever geborge voel.

We would like to thank all our parents who pay their school fees on time. The Finance Committee of the Governing Body meets regularly to discuss the financial state of the school.

Die skoolfondskomitee staan gereed om 2018 se uitstaande skoolgelde op te volg. U moet so gou moontlik kontak maak met die skool voor u rekening oorhandig word.

Parents, please keep in mind that, according to the South African School’s Act, section 39, you are liable to pay school fees. Therefore, if you are struggling to make school payments and need to make arrangements, please contact the Finance Office or send an e-mail to schoolfees@eversdal.org.za

PROCURA
SOSIALE-, EMOSIONELE- EN LEERONDERSTEUNING

Die eerste kwartaal was kort en kragtig met baie nuwe uitdagings. Ten spyte hiervan het ons, wat ondersteuning aan betref, 'n baie suksesvolle kwartaal gehad. Tans het ons addisioneel tot ons Didaktiese- en O-klasse, ook nou in die oggende intervensietyd. Elke Dinsdag- en Donderdagoggend staan die onderwysers gereed om die kinders op 'n individuele basis met hulle werk te help.

We also hosted our termly Parent Support Meeting, which was done by Estelle Bretteny. She talked about "POPP" - the power of one piece of paper. It was very insightful, and the parents really enjoyed the talk. Our

accommodations are also running smoothly, and we assisted many learners with their Formal Assessment Tasks and tests. We are thankful for a very efficient and supportive group of ladies who help us with these accommodations.

“Our greatest glory is not in never falling, but in rising every time we fall”. — Confucius

IT DEPARTMENT

Die tabletaankoopprogram het suksesvol hervat in die eerste kwartaal en ons kon die meerderheid van die tablette verkoop. If there are parents that would still like to purchase a device, we have a limited amount available.

We had the opportunity to install 65’’ Monitors in our Grade 4 classes. This was done simultaneously with the improvement to the classrooms’ desks, which help learners to collaborate with ease.

Ons fokus vanjaar in die STEM-klas sal wees om gedifferensieerde onderrig toe te pas. Tydens hierdie klasse sal leerders die geleentheid ontvang om soortgelyke probleme op verskillende maniere op te los.

These different methods will consist of coding, robotics and building of prototypes. Our theme for the first term was Plastic Pollution and how we can help reduce the impact of plastic in our environment.



LIBRARY/BIBLIOTEEK

On the very first day of school, 7 January 2019, when only the teachers were there, a teacher came to the library to take out a block loan for her whole class! Wonderful!!

The “Big Bang” started!!!

The library opened for our learners on 16 January. From the start, the learners eagerly and enthusiastically lined up to take out books and more books! Our library monitors were still in training, but adapted very quickly to the new pressure and did an excellent job!

We celebrated World Read Aloud Day, on 1 February, by reading aloud in our classes! Some of our Gr 6 and Gr 7 learners read to the little ones in Gr 1, Gr 2 and Gr 3. I don’t know who had more fun, the readers or the listeners! Bookmarks, pictures to colour and badges to wear was handed out.

In Februarie het ons: “Lief jou Biblioteek-maand” gevier! Die biblioteek het oorgeloop van leerders wat uitneem en die monitors het gewerk dat die biesies bewe, maar het elke oomblik geniet!

Op 21 Februarie was dit Internasionale Moedertaaldag. Ons het na Dozi en Refentsi geluister wat in Zoeloe gesing het – en ons het ‘n paar eenvoudige woorde in ander tale gelees.

Ons biblioteek het betrokke geraak by die Bloubusbediening in Delft deur maklike kinderboeke in te samel vir leesgroepies vir veral straatkinders.

Op 6 Maart het Professor Maritha Snyman, skrywer van kindergrappieboeke, vir ons kom kuier! Sy het gesels oor hoe grappieboeke lees kan bevorder! LAPA het terselfdertyd ‘n miniboekverkoping vanaf 4 - 7 Maart in die biblioteek gehou.

The Book Sale, by The Book People, on 13 and 14 March, ended a very busy library term.

GEBOUE EN TERREIN

Die Geboue en Terreinportefeulje het die jaar vinnig afgeskop met ‘n paar projekte, waarvan die grootste die opgradering van die Graad 4 klasse was. Elke klas in graad 1 tot 4 het hul nuwe groepsbanke gekry, lugverkoelers is in die Gr.4-klasse geïnstalleer en die mure is geverf. Die klasse lyk baie mooi en die kinders is vreeslik opgewonde oor hul nuwe klasse.

The WCED is currently busy connecting our toilets to our borehole water, this will soon be in operation. The drought affected our borehole severely this summer and we ask that every Ever strives to save as much water as possible.

Ons groot bouprojek sal ook binnekort by die skool begin. Ons ouers sal betyds meer inligting rakende die projek ontvang.

We will be commencing with quite a few projects next term and will keep everybody updated.

SPORT/ SPORTS

1. ATHLETICS

Results of the Foundation Phase Inter-House Athletics Meeting held on Monday, 21 January 2019

House winners - Foundation Phase:
1. Eksteen 388
2. Tulbagh 376
3. Verwey 351

Trophy winners:

u/7 Girls (Best athlete): Mieke Biddulph
u/7 Boys (Best athlete): Daniel Zaaiman
u/8 Girls (Best athlete): Carla Combrink
u/8 Boys (Best athlete): Gideon Jooste
u/9 Girls (Best athlete): Tatiana Thomatos
u/9 Boys (Best athlete): Marnus Palmer

Die volgende Ever het vanjaar Wes-Kaap Kleure vir Atletiek ontvang:

- Carlo Brink vir Seuns o/11 Hoogspring

Die volgende Evers het vanjaar WP Kleure vir Atletiek ontvang:

- Alexa Hörtnagl vir Dogters o/10 70m Hekkies.
- Juan van Deventer vir Seuns o/11 Verspring.
- Minke Lourens vir Dogters o/12 Spiesgooi.
- Johan Heuser vir Seuns o/12 Spiesgooi.
- Nina Rose vir Dogters o/12 200m Hekkies.

Die volgende Evers het vanjaar Sone-kleure vir Atletiek ontvang:

- Mila Müller vir Dogters o/10 Verspring.
- Liam Daames vir Seuns o/10 Verspring
- Elené Vosloo vir Dogters o/13 1500m Stap
- Cohen Williams vir Seuns o/13 200m.
- Stefan Roux vir Seuns o/13 Diskus.
- Evan Kotze vir Seuns o/13 Gewigstoot.

2. KRIEKET

Ons wil begin deur elke Ever wat tydens die eerste kwartaal aan krieket deelgeneem het, te bedank vir die wyse en die gesindheid waarmee hul deelgeneem het. Eversdal's Cricket is very healthy at present. This is reflected by the size of our age groups and the number of teams. At Eversdal we proud ourselves in the fact that every player gets a fair chance and an opportunity to express himself.

Dit was 'n besige kwartaal en ons spanne het teen verskeie skole deelgeneem. Ons wil elke ouer/voog bedank wat ons leerders met geduld en entoesiasme na en van wedstryde vervoer het. Ons, as Eversdal, is nie prestasie gedrewe nie, ons glo dat elke leerder die nodige blootstelling kry om hulle vaardighede te ontwikkel. The number one priority for the coaches is to send a happy player back home.

The following boys were nominated for District nets and did very well:

u/13
- Lian Fourie
- Dian Winkel
- Arno Koen
- Charl Botha
- Stefan van der Kooij

u/12
- Bernard Naude
- Francois van der Merwe
- Marlu Odendaal

u/11
- Nicholas Mouton
- Schalk van der Merwe
- Yanos Molnar

u/10
- Pieter Luttig
- Armand van Wyk
- John Naude

3. MINI-KRIEKET

Op Maandag, 14 Januarie, het die mini-krieketseisoen van 2019 'n aanvang geneem. Ons het 154 maats gehad wat hierdie kwartaal deelgeneem het aan mini-krieket.

Ongeag sommige oefendae wat gepaard gegaan het met baie hoë temperature, het die seuns hulle nie laat afskrik nie en het hul steeds in groot getalle aangemeld vir oefeninge.

Our own Annual Internal Mini-Cricket Tournament, for all our u/7 to u/9 Mini-Cricket players, was held on Tuesday, 26 February 2019. There was a good turnout by the boys who participated on the day.

Tydens die kwartaal het ons mini-krieket seuns aan verskeie mini-kriekettoernooie deelgeneem by Eversdal, Hugo Rust, Gene Louw en Worcester-Primêr.

Die o/9 seuns is ook deurlopend blootgestel aan wedstryde- en toernooideelname. Ons o/9A tot E mini-krieketspanne het ook aan die kwartaallikse 0/9 mini-krieketliga deelgeneem en het uitsonderlik goed gevaar!

Welgedaan aan elk van ons Evermaats vir 'n goeie mini-krieketseisoen!

4. SWIMMING

Our swimming team ended third in a gala hosted by Kenridge Primary School. Ons A-span swemmers het ook aan Durbanville se gala deelgeneem. Die B-span swemmers het geleentheid gekry om aan `n vriendskaplike aflosgala by Kenridge deel te neem. Tydens die vaardigheidsprogram en L.O. het leerders die geleentheid gekry om die basiese vaardighede in die swembad aan te leer. Veral op warm somersdae was die swembad `n gewilde plek om te wees! We also hosted our own swimming gala, sponsored by Sotheby's International Realty. A big thank you to all our parents for your support throughout the season.

Congratulations to the following swimmers, who won trophies:

Junior Victrix Ludorum – Tatiana Thomatos
Junior Victor Ludorum – Nico Geldenhuys
Senior Victrix Ludorum – Jozelle e Silva
Senior Victor Ludorum – Luan Terblanche

5. TENNIS

Eversdal het hierdie kwartaal 18 spanne in verskeie ligas gehad wat elke Woensdag op verskeie plekke gespeel het. Die Evers het hulle puik gedra op en van die baan af. Dit was ‘n baie goeie seisoen.

Below is the list of players who represented Cape Town (WP) B tennis team this past weekend, in Matzikama West Coast Interdistrict/Provincial Tournament, played in Moorreesburg. They had a great trip!

u/11: Mischa du Toit; Tamara Kleinjan
u/12: Rico Esterhuyse; Tommy Muller
u/13: Lusché Koen

The other players who made the teams played the weekend of 8 – 10 March in Kimberley and Stellenbosch. They took part in the Cape Town Tennis Teams for TSA Interpro and Synergy Cup 2019.

Synergy Cup A teams: Stellenbosch (8-10 March)
u/11: Ruben Cilliers; Peta Kruger; Jana van Tonder; Miné Smit
u/12: Ilke van der Merwe

Central Karoo and Synergy B teams: Kimberley
u/11**:** Morgan Eaton; Kayla Smit; Lischa Koegelenberg
u/12: Ethan Bougard; Nicol Truter
u/13: Dante Rix; Mila van Wyk; Letsie de Beer

6. CHESS

Ons Evers het op 25 & 26 Januarie aan die Distrik Noord Individuele Skaakproewe by Ravensmead Hoërskool deelgeneem.

The following chess players were selected to form part of the District North teams, based on their results in January, to participated in the WP Closed Trials at Brackenfell High School on 1 & 2 March, where they competed against the other 3 districts.

<u>UNDER 9 TEAM LIST</u>
Jessika Woolf
Daniel Visagie

<u>UNDER 11 TEAM LIST</u>
Emily Siebert
Marnus de Wit
Stephan Schnäbel
Morgan Eaton

<u>UNDER 13 TEAM LIST</u>
Ankia Lubbe
Michael Smuts
Kian Blomerus

Baie geluk aan Stephan Schnäbel wat Goud o/11 en Kian Blomerus wat Brons o/13 verwerf het.

Op Saterdag, 9 Maart het ons Evers aan hul eerste spanwedstryde deelgeneem. Ons Evers het aan Laerskool Panorama se jaarlikse sportdag deelgeneem. Die o/9-span het ‘n brons medalje gewen, asook die o/11-span. Ons o/13-span het ‘n silwer medalje gewen. Welgedaan, Evers. Ons is trots op julle!